# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting

Gert JPJ van der Merwe

Universiteit van Pretoria

**Meesters:** | **Doktoraal:** X | **Postdok:**

3. **Studierigting:** Praktiese Teologie

4. **Titel van proefskrif of Verhandeling:** Rituele en Geloofsvorming in die skoolkonteks: ’n Prakties-Teologiese verkenning

5. **Datum van afhandeling:** 17 November 2017 **Uitslag:** Voldoen aan vereistes

6. **Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

7. **Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

“Ek bestudeer rituele omdat ek dit duidelik nie verstaan nie, terwyl sommige mense dit wel goed verstaan. Vir hierdie rede forseer die bestudering van rituele my om ’n tweesnydende vraag te beantwoord: Waarom verstaan ander dit en ek nie?” (Ronald Grimes 2013:196-197). Dit was die navorser se persoonlike belewenis toe hy opgemerk het dat liturgiese rituele van een skool na ’n volgende skool opmerklike verskille toon in invloed, frekwensie en doeltreffendheid.

Hierdie navorsing verken en ondersoek die rol wat rituele in die konteks van spesifieke skole speel. Die rituele landskap is uitgebeeld waarna die navorser spesifieke ontdekkings gemaak het oor liturgiese rituele in die skoolkonteks. Die waarde en invloed van liturgiese rituele in die betrokke skole is vervolgens deur middel van ’n literatuurstudie en empiriese kwalitatiewe navorsing ondersoek.

Deelnemers het hul harte oopgemaak, sodat die navorser die beleweniswêreld van die deelnemers kon betree. Dit het gelei tot ontdekkings oor die werklike invloed, die noodsaaklike aspekte, en die potensiële invloed van liturgiese rituele op geloofsvorming in die skoolkonteks. Die navorser maak 10 strategiese voorstelle waardeur liturgiese rituele sinvol gefokus, saamgestel, ingekleur en ingespan kan word om geloofsvorming in kinders in soortgelyke kontekste te fasiliteer.

Wanneer die kerk of skool werk met geloofsvorming van kinders, is dit van kardinale belang dat die volle spektrum van menswees gerespekteer word deur die sosiale-, intellektuele-, spirituele-, fisiese-, en emosionele aard en behoeftes van kinders in ag te neem en te betrek. Dit is wenslik dat liturgiese rituele gebruik word om in hierdie

behoeftes te voorsien. Indien die liturgiese ritueel ontwerp is om ’n ontmoeting met God te fasiliteer, moet gevra word of die deelnemer so ’n ontmoeting - hoe subjektief ook al - met God gehad het. Die navorser se strategiese voorstelle gee spesifieke doelwitte vir die ontwerp van liturgiese rituele in die skoolkonteks sodat geloofsvorming beter gefasiliteer kan word. Die verskillende strategiese voorstelle kyk holisties na liturgiese rituele en geloofsvorming in die betrokke konteks. Soos ’n mosaïek, is die strategiese voorstelle so saamgestel, dat die optimale benutting van die verskillende dimensies en aspekte van liturgiese rituele, sowel as die volle spektrum van menswees betrek word om geloofsvorming in die skoolkonteks te verdiep. Dit kan soos volg voorgestel word: